Hoërskool Framesby 50
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 95: 26 Augustus 2016

VITEINDELIK BIETJIE GOEIE NUUS!

In die laaste tyd is dit asof Framesby heeltyd onder bespreking bly, en in die meeste gevalle nie altyd in 'n positiewe sin nie. Dit ondanks die feit dat ons geseënd is met die ongelooflikste leerders wat hul talente op soveel gebiede ontwikkel en uitleef. Dit wil net voorkom of ons baie mense net nooit sal tevrede stel nie. Vreemd.

Die afgelope naweek is baie van hierdie negatiewe sentimente sekerlik gesmoor. Ons kinders het hulle wonderlik goed van hul taak gekwyt tydens ons jaarlikse Interskole, en die gees was besonder aansteeklik! Al het die weer aanvanklik gedreig om die dag te bederf, het dinge algaande spoed opgetel, en teen die tyd dat die twee skole hul beurt op die pawiljoen gekry het, was die opwinding en die lekker-wees tasbaar. Nico Malan het met hul gebruiklike amper foutlose vertoning seker die "flashes" "gewen", maar niks kon die Framesby-gees, ondanks 'n paar "glipsies" demp nie. Die beste dinge in die lewe is gewoonlik so effens gesellig deurmekaar! Framesby se "flashes" was eenvoudig STUNNING, veral as in ag geneem word dat sommige van die laatslapers eers Vrydag aangesluit het. Aan al die "flashers" kan ons net sê: "Julle was die BESTE!" Ons dansers was net so goed, en al die weke se harde werk het beslis vrugte afgewerp. Baie dankie.

Om alles te kroon het ons eerste rugbyspan een van hul beste wedstryde van die jaar gespeel en Nico Malan lelik die loef afgesteek. Niks bou die gees soos 'n wen nie, en die spontane saamstaan op die veld vir die Jubalaya was iets baie spesiaal. Dis hoe dit altyd moet wees. Saam. Of dit nou goed of sleg gaan.

Hierdie skool is 'n baie spesiale plek met baie spesiale mense. Moenie dat die negatiewes onder ons die teendeel probeer predik nie. Leef en werk as trotse lede van die Framesby-familie, streef net na die beste, en los die middelmatigheid vir die ou nat broeke! Framesby bo!!!

MATRIEKEKSAMEN BEGIN

Die Voorbereidende Eksamen vir Graad 12 begin op Dinsdag 30 Augustus. Die matrieks lê dan hul Praktiese Eksamen in CAT af. Op Woensdag 31 Augustus kom IT Prakties aan die beurt, en die middag is dit English Creative Writing. Donderdag is darem 'n rusdag en Vrydag 2 September sal die finale Lewensoriëntering-vraestel die oggend geskryf word, met Afrikaans Stelwerk die middag.

Baie sterkte aan al ons Matrieks met hierdie baie belangrike eksamen. Gebruik hierdie geleentheid te volle om jou so goed moontlik voor te berei vir die eindeksamen. Die vraestelle is almal Departementeel opgestel en behoort te voldoen aan al die vereistes wat vir die eindeksamen gestel word. Vasbyt!

MAANDAG
29 AUGUSTUS
19:00
GRAAD 9
VAKKEUSE-AAND

Verpligtend vir ALLE Graad 9's en hul ouers
Belangrike inligting word bespreek

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Nicholis Groenewald 8E
Joshua Gunter 12D
Lionel Jacobs 11D
Tertius van Eeden 11C

Sondag
Wihan van der Merwe 12E
Franco van Jaarsveld 10B

Maandag
Adriaan Brink 11E
Lisa-Mari Brink 11E
Clarissa Erasmus 10A
André Potgieter 8D

Dinsdag
Minette van Niekerk 11A

Woensdag
Geen

Donderdag
Juan Blom 12B
Luan Naude 12A

Vrydag
Ruben du Preez 8E
Jessica Gerber 12D
Darnell Levack 12B

INTERSKOLE 'N GROOT SUKSES!

Ons jaarlikse Interskole teen die Hoërskool Nico Malan het toe aan al die verwagtinge voldoen. Nie net was die kompetisie kliphard nie, maar die dag is gekenmerk deur 'n wonderlike gees tussen die twee skole. Die gehalte van die sport wat op die dag opgedis is getuig van die harde werk en toewyding van al die spelers en afrigters oor die afgelope seisoen. Baie geluk aan al ons sportmanne en –vroue, en in besonder aan al ons spanne wat gewen het! Ons het Nico 'n paar mooi lesse geleer!

NETBAL BAIE GELYK

Vandat Framesby en Nico Malan teen mekaar begin kragte meet het, was die kompetisie op die netbalbaan elke keer besonder hard. Geen een van die twee skole kon nog daarin slaag om werklik te oorheers nie, en vanjaar was dit weer so. Die weer het ongelukkig nie lekker saamgespeel nie, en heelwat wedstryde is ontwrig of moes na later geskuif word.

Uit die twaalf wedstryde het Framesby 6 gewen en een gelykop gespeel, terwyl Nico 5 gewen het. Waar dit egter saakgemaak het, by die 1ste span, was Nico Malan na 'n titaniese stryd met een doel baas. (17 – 18) Die O/14's se uitstekende uitslae, sowel as dié van die O/16's maak ons egter baie opgewonde oor die toekoms!

RUGBY MAAK SKOONSKIP!

Nadat verlede jaar se Interskole op Humansdorp vir sommige rugbyspanne iets was wat hulle maar gou wou vergeet, het al ons spanne vanjaar die bordjies verhang. Nico Malan kon nie 'n enkele wedstryd wen nie, en hulle was in sommige wedstryde effens gelukkig dat die tellings nie baie groot teen hulle geraak het nie.

Daar is vanjaar baie hard daaraan gewerk om ons rugby tot 'n hoër vlak te laat ontwikkel, en Saterdag het ons beslis die vrugte gepluk. Baie geluk aan al die spanne! Kom ons mik volgende jaar BAIE hoër.

Ons eerstespan moes vanjaar groot teleurstellings verwerk, en het ook baie kritiek verduur. Saterdag het dinge uiteindelik in plek geval en moes Nico dit met 33 – 17 ontgeld. Mooi so manne! Ons is trots op julle!

HOKKIESPANNE UITSTEKEND!

Ondanks die reën het ons hokkiespanne hulself deeglik laat geld deurdat ons dogters 6 uit die 8 wedstryde gewen het, en naelskraap in die ander twee verloor het. Ons 1ste Dogtershokkiespan het ongelukkig heel op die einde 'n doel deur Nico deurgelaat en die wedstryd met 1 – 2 verloor. Nogtans het hulle baie goed gespeel, al kon hulle nie vir Nina Dreyer, wat in haar **HONDERDSTE** wedstryd vir die eerstes gespeel het, die ideale afskeids-geskenk gee nie. Baie mooi, girls!

Die seuns het ook baie goed gevaar. Die 1ste span het pragtig vertoon en 1 – 1 gelykop gespeel. Mooi so, manne! Ons O/16-span het ongelukkig hul rieme met 0-1 styfgeloop, maar steeds baie goeie rekenskap van hulself gegee.

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK

Saterdag 27 Augustus	Sondag 28 Augustus	Maandag 29 Augustus	Dinsdag 30 Augustus	Woensdag 31 Augustus	Donderdag 1 September	Vrydag 2 September
		Dag 1 **MB-Inhuldiging** **Beheerliggaam** Personeelkomitee **Gr. 9 Vakkeuse-vergadering**	**Dag 2** **Gr. 12 Eksamen** **Redenaarsklub**	**Dag 3** **Gr. 12 Eksamen**	**Dag 4** **Gr. 12 Eksamen** **Beheerliggaam:** Finanskomitee	**Dag 5** **MB-kamp**

FRAMESBY IS TROTS OP ....

DE-LEON VERTEENWOORDIG SUID-AFRIKA

Soos in 'n vorige Fakkelflits berig, is De-Leon Strydom, wat vanjaar in Graad 8 is, onlangs verkies om Suid-Afrika te verteenwoordig by die African Youth Chess Championship wat die afgelope week plaasgevind het. Ons vertrou dat dit baie goed gegaan het met De-Leon en sy span, en hoop om volgende week meer volledig te berig oor hierdie wonderlike prestasie.

Baie geluk, De-Leon! Dit is werklik 'n besondere prestasie en ons is baie trots op jou!

NINA EN VRIENDE BEREIK GROOT MYLPAAL

Nina Dreyer, kaptein van ons eerste hokkiespan, het Saterdag 'n besondere mylpaal bereik deur haar **100ste** wedstryd vir die eerste hokkiespan te speel.

Dis 'n ongelooflike prestasie en ons is BAIE trots op haar. Terselfdertyd het Almarize Kleu, Keitlin Mitchell, Bianca Pretorius, Janke Pienaar en Bianca Wasserman hul 50ste wedstryd gespeel. Pragtig meisies!

Mag Keitlin en Bianca volgende jaar die goeie werk voortsit en van krag tot krag gaan!

NOG INTERSKOLE-NUUS

Verlede Donderdag en Vrydag is verskeie wedstryde tussen Framesby en Nico Malan reeds afgehandel. Op die **Gholfbaan** het ons manne moedig geveg, maar moes hulle uiteindelik die knie met EEN punt buig. Volgende jaar sit ons hulle ore aan, manne! Ons **Landlopers** het darem die vloer gevee met Nico. In die Aflos was VIER van ons dogterspanne reeds oor die wenstreep voordat die eerste Nico Malan-span daar aangekom het! By die seuns was ons ook vernietigend en het ons eerste TWEE spanne klaargemaak voor die eerste Nico Malan-span. Dis hoe dit gedoen moet word!! Op die **Tennisbaan** was ons ook heeltemal te sterk en het ons span 19 – 8 geseëvier. Hierdie segetog is voortgesit in die **Skaak**, waar ons met 7 – 0 baas was. Baie geluk aan al hierdie sportmanne en –vroue!

Die Interskole is nie net op die sportveld beslis nie. Alhoewel al ons kultuuraktiwiteite nie kon meeding nie, het ons wel in **Vasvra** en **Debat** kragte gemeet. Ons Flinkdinkers was heeltemal te slim vir Nico Malan en het hulle met 1 punt gewen. In die debatskompetisie het ons egter nie die pyp gerook nie, maar Ingeborg Jordaan is as die beste spreker aangewys, terwyl ons senior kreet die beste was, en die bekgeveg gelykop geëindig het. Baie geluk aan almal en dankie dat julle Framesby se naam hoog gehou het!

ALGEMEEN EN SIELSKOS

PERSOONSGERIG

Die begrip liefde word dikwels in ons samelewing misbruik vir wat nie werklik liefde is nie, maar hartstog, drif, begeerte en emosie. Dit is soos ’n knetterende vuur wat uitbrand om slegs ’n hopie as op die vuurherd te laat. Dit is begryplik waarom dit liefde genoem word, want dit gaan gepaard met ’n gevoel van aangetrokkenheid tot en bekoring deur iets wat ’n mens begeer en waarvan jy voel dat jy nie daarsonder kan klaarkom nie. As daardie iets aan ’n bepaalde persoon verbind is, kan ’n mens maklik dink dat jy daardie persoon liefhet, terwyl jy miskien nie die persoon as persoon liefhet nie, maar van haar of hom slegs die vervulling van ’n behoefte begeer. En as daardie behoefte bevredig is of die bevrediging teleurstelling bring, verdwyn ook die sogenaamde liefde. Egte liefde is egter iets anders. Ook dit is bekoring deur en aangetrokkenheid tot die voorwerp van die liefde. Dit word egter nie slegs aangevuur deur ’n behoefte en begeerte wat om bevrediging roep nie, maar word terselfdertyd gedra deur ’n besef van die eie waarde van die voorwerp van die liefde. Dit bring respek daarvoor mee. As dit om ’n persoon gaan, beteken dit dat daardie persoon as persoon waardeer en gerespekteer word. Daar kom ’n stuk verering in die liefde. So ’n liefde is bereid om te gee, te dien, te beskerm, selfs met verloëning van die self. Eers dit is egte liefde. Dit geld met name ook van die erotiese liefde soos dit in die vorm van seksuele liefde tussen twee mense bestaan. Dit is deel van ons menswees en ’n gawe van God. Ook dit word opgewek deur ’n behoefte om by die ander te wees, om die ander te besit, selfs met die ander een te word in ’n verhouding van wedersydse selfprysgawe. Maar alles hang af van die wyse waarop dit funksioneer. Hoe meer persoonsgerig so ’n begeerte is, hoe groter die moontlikheid dat die behoefte aan die ander beheers sal word deur die drang om daardie persoon te dien en te help, en hoe minder sal dit die persoon slegs wil gebruik vir die bevrediging van eie behoeftes. Net ’n persoonsgerigte verhouding kan die loop van die jare trotseer. Dit kan selfs met verloop van tyd in diepte toeneem, ondanks die volle kennis van mekaar se swakhede. Dit kan die hele lewe omspan, “totdat die dood ons skei”. Dit gebeur nog makliker as dit omvat word deur die ander soort liefde, die “agape” of onbaatsugtige liefde wat as gawe van die Gees in ons hart uitgestort word. Dit kom nie uit ons behoefte nie, maar uit ons oorvloed op: die oorvloed van welwillendheid teenoor elke mens wat op ons weg mag kom.

Dit kan ons harte vul as die neerslag van die liefde waarmee God die wêreld liefhet en ook vir ons, ’n liefde wat nie vra nie, maar gee, wat nie om loon aangebied word nie, maar verniet, uit loutere goedheid, ter wille van die ander.

Uit *Die Burger*, 2 Oktober 1988

GR. 11 EINDEKSAMENROOSTER

Soos dit reeds vir etlike jare die geval is, sal die Graad 11’s vanjaar weer ‘n eksterne eksamen in November skryf. Alle vraestelle word dus deur die Departement van Onderwys voorsien. Die skryfsessies begin om 08:30 in die oggend en om 12:30 in die middag, en die skryfsessie se lengte word bepaal deur die toegewyste tydsduur van die betrokke vraestel. Maak asseblief baie seker van ALLE dae waarop eksamen geskryf moet word, aangesien afwesigheid in ‘n baie ernstige lig beskou word, en Departementele toestemming verkry moet word om punte te verwerk.

	Oggend 08:30	**Middag 12:30**
Ma. 24 Okt.	English P2	
Di. 25 Okt.		
Wo. 26 Okt.	CAT V1	
Do. 27 Okt.	IT V1	
Vr. 28 Okt.	Wiskunde V1 Wisk. Gel. V1	
Ma. 31 Okt.	Wiskunde V2 Wisk. Gel. V2	
Di. 1 Nov.		Afrikaans V3
Wo. 2 Nov.		Toerisme
Do. 3 Nov.	IT V2	English P3
Vr. 4 Nov.	Geografie V1	Geografie V2
Ma. 7 Nov.	Rekeningkunde	
Di. 8 Nov.	Afrikaans V2	LO
Wo. 9 Nov.	Musiek V1	
Do. 10 Nov.		
Vr. 11 Nov.	Fisiese Wet. V1	
Ma. 14 Nov.	Fisiese Wet. V2	
Di. 15 Nov.		CAT V2
Wo. 16 Nov.	IGO V1	
Do. 17 Nov.	Besigheidst.	Afrikaans V1
Vr. 18 Nov.	Lewenswet. V1	IGO V2
Ma. 21 Nov.	Lewenswet. V2	English P1
Di. 22 Nov.		Musiek V2
Wo. 23 Nov.		Verbruikerst.